


Kolorektale Kanker

Top 3 kanker by mans en vroue

Vroeë diagnose kan jou
kanse op oorlewing verhoog.
KEN DIE RISIKO'S

VROEË OPSPORING IS BELANGRIK

Meeste kolorektale kankers begin as 'n poliep, 'n klein uitgroei van weefsel wat in die voering van die kolon of rektum begin en later versprei tot in die middel daarvan. Dokters kan poliepe tydens 'n kolonoskopie prosedure verwyder.



LEEFSTYL FAKTORE



'n Gebrek aan
gereelde oefening



Lae vrugte- en
groente-inname



'n Laevesel- en
hoëvetdiët



Om oorgewig
te wees
(vetsug)



Die misbruik
van alkohol



Swak mond-
en tandhigiëne



Die gebruik
van tabak

GENETIESE FAKTORE



Oorerflike
sindrome soos
Lynch-sindroom



Persoonlike of
familiegeskiedenis van
kolorektale kanker of poliepe

ANDER FAKTORE



Ouderdom



Tipe
2-diabetes



Inflammatoriese
dermsiekte

TEKENS EN SIMPTOME (baie mense ervaar geen simptome nie)

- ➔ Verandering in dermgewoontes, insluitende diarree of hardlywigheid, of beide
- ➔ Rektale bloeding of bloed in die stoelgang
- ➔ Aanhoudende abdominale ongemak (krampe, gas of pyn)
- ➔ 'n Gevoel dat die dikderm nie heeltemal ledig nie
- ➔ Swakheid of moegheid
- ➔ Onverklaarbare gewigsverlies

Kontak KANSA Tolvry
0800 22 66 22
www.cansa.org.za

Vir meer inligting oor kolorektale kanker,
kontak jou plaaslike gesondheidsfasiliteit.



health

Department:
Health
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

